# Kampnuus

## Hartbeeshoek – 17-19 Setember 2023

So begin nog 'n heerlike naweek saam. Vrydagaand en die kampnaweek se verrigtinge is ge-open deur Sieg se Boekevat-sessie waarna dié wat wou, kon kom saam braai en hul eie braaibroodjie bou. Almal was daar, en dit was 'n heerlike kuier-sessie, wat met Henry se "chocolates" saam, tot laat aangehou het - daar is terstond besluit dat Saterdagaand se braai dieselfde bring en braai formaat sal wees, dié keer met talle slaaie op die tafel! O ja, dankie Sieg vir ons vure!

Saterdagoggend het die flukses vroeg gaan stap terwyl ander ontwaak en hul gaan mooimaak het vir die dag se rustig-wees. Die dagstukkie wat uitgedeel was vir "eie-boekevat", was genaamd **"God se teenwoordigheid in die natuur – Sy Tuin"** wat natuurlik vir hierdie kamp in die skone natuur baie gepas was. Dit het o.a. verwysings na Gen.1:1, Joh 1:18, Rom 1:19-20, Heb 3:4, Ps 147:8-9 asook Ps 19:1 ingesluit.

Sondag se boodskap uit Titus 1 is deur Frans hanteer en het treffende kern gedagtes gehad:

- Gelowiges / heropbou en ontwikkeling;
- Regte kennis en dienaar van God;
- Kennis van waarheid en die verkeerde pad;
- Mensgemaakte reëls en jou leefstyl asook geloofsmaniere;
- Betrokkenheid, geloofslewe, vertroue en geloof in God; en
- Verhouding met God en die verkondiging van die Woord.

Na die afkondigings en uitdeel van die nodiges, is koelte gesoek terwyl die koue-somer-nagereg-tafel opgedien én "leeg-gemaak" was! Dankie vir almal se bydraes.

Die seniors en nie-werkendes moes ongelukkig wag tot na die naweek om verder te kon kamp aangesien die "weekkamp" na die naweek plaasgevind het. Die oord se tariewe was uiters billik en almal behalwe twee het dus nog die week verder gekuier-kamp. Die twee het hartseer opgepak vir hul terugkeer (of is dit nou moes oppak) en so kom nog 'n

Rietvallei-naweek tot sy einde. Net jammer dat 'n skielike storm gedurende die week so bietjie skade aan eiendom gedoen het maar genadiglik is niemand beseer nie.

Groete – Tjaart en Marietjie





Saam kuier om die braaivleis vure en natuurlik die geselskap.

Frans, Daan en Elize




Marietjie, Tjaart en Frans





Erna en Johan





Anne-marie en Erna

Hartlike welkom aan Jan en Amanda de Jong en die gesin.










Die Boodskap gelewer deur Frans

Hartbeeshoek 2023